Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 13 MEI 2014 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr K C Cooper
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr A J Botha
Hoof: Vekeers- en Wetstoepassingsdienste, mnr R Steyn
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

1. OPENING

Rdh M S I Goliath open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 8 APRIL 2015

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 8 April 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word, onderhewig aan die volgende wysiging:

ITEM 7.6: HUUROOREENKOMS: MTN (17/9/2/R)
[ter vervanging van die besluit]

Besluit/...

4.1/...

BESLUIT

(a) Dat die besluit van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 8 April 2015 herroep word;

(b) Dat 'n besluit van die Munisipale Bestuurder om die jaarlikse eskalasie van 6% goed te keur, gekondoneer word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU 6 MEI 2015
[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 6 MEI 2015

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende wysiging –

ITEM 8.3: VOORGESTELDE HERSONERING VAN ERF 1270, RIEBEEK KASTEEL (15/3/3-11) (WYK 12)

BESLUIT

Dat die item onttrek word, aangesien nuwe kommentaar vanaf die padingenieur ontvang is wat die aansoek beïnvloed.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 8 APRIL 2015

6.1.1 ITEM 5.1.1: AANSOEK VIR 'N VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 58, DARLING (15/3/10-3) (WYK 6)

Staan oor

6.1.2 ITEM 6.6: TERUGVOERING OOR BESLUITE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE VAN 8 APRIL 2015 RAKENDE DIE FEBRUARIE 2015 MAANDVERSLAG VAN DIE VERKEERS- EN WETSTOEPASSINGS-AFDELING (7/1/2/2-3)

Verskeie opdragte is op 8 April 2015 aan die direktoraat Beskermingsdienste gegee om meer volledige statistieke t.o.v. ongelukke veroorsaak deur rondloper diere op N7, boetes (oortreding van verordeninge, sowel as verkeersboetes), toestande by Malmesbury Kleinboere, ens. in die maandverslag in te sluit.

6.1.2/...

Die statistieke soos aangevra, word volledig uiteengesit en verduidelik in die item tot die sakelys.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die terugvoering van die Departement: Beskermingsdienste m.b.t. die versoeke soos deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee van 8 April 2015 aangevra;

(b) Dat verder kennis geneem word dat die maandverslag van die Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling aangepas sal word om die betrokke versoeke te akkommodeer;

(c) Dat die maandverslag van die Verkeers- en Wetstoepassingsafdeling vanaf Junie 2015 maandeliks voor die portefeuljekomiteevergadering, in detail bespreek sal word deur die Verkeers -en Wetstoepassings-toesighoudingskomitee;

(d) Dat kennis geneem word dat daar reeds in 2011/2012 'n studie uitgevoer is aangaande die lewering van die volgende drie funksies deur plaaslike owerhede namens provinsie, naamlik (1) registrasie en lisensiëring van voertuie; (2) aflê van leerling- en bestuurderslisensies en (3) padwaardigheidstoetse van voertuie en dat daar navraag by die Nasionale Departement gedoen word aangaande die uitkomste van die studie en wanneer onbefondse mandate reggestel sal word.

6.1.3 ITEM 7.16: AANSOEK OM VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 2997, MOORREESBURG (15/3/10-9) (WYK 2)

Staan oor

7. NUWE SAKE

7.1 HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEïNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN (GOP) EN AREAPLANNE (2/1/4/4/1)

Die veranderinge wat sedert Mei 2014 plaasgevind het en wat die derde hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) noodsaak, is volledig in die verslag tot die sakelys toegelig.

Die hersiene GOP dien as basis vir die 2015/16 begroting, die SDBIP en die prestasie-planne van die onderskeie direktorate.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 28 Mei 2015)

(a) Dat die hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die hersiening van die vyf Areaplanne na die Raad vir finale goedkeuring aanbeveel word;

(b) Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste versoek word om met die Departement van Onderwys te skakel aangaande (1) die voorneme om 'n saal in Riebeek-Wes op te rig en (2) die voorneme om 'n hoërskool in Darling te vestig, ten einde Hoofstuk 8 te finaliseer.

7.2 GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2015/2016, 2016/2017, 2017/2018 (5/1/1/1, 5/1/1/2, 5/1/4)

Die voorsitter behandel die wysigings wat 'n effek op die 90-dae begroting gehad het, sowel as nuwe tariewe wat tot die tarieflêer bygevoeg is.
Mnr van Essen versoek dat indien enige van hierdie wysigings van tariewe nodig is om eers 'n publieke deelname proses te deurloop, die regte prosesse gevolg moet word en dat die implementering daarvan dienooreenkomstig in die tarieflêer aangeteken word.

7.2/...

Die Begrotingsbeheerkomitee het op 12 Mei 2015 byeengekom en word die voorstelle van die komitee in die aanbeveling aan die Raad geakkommodeer.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 28 Mei 2015)

A: ADMINISTRATIEWE KOMMENTAAR OP DIE KOMMENTAAR WAT ONTVANG IS TEN AANSIEN VAN DIE 2015/2015 GOP EN BEGROTING

(1) **TEN AANSIEN VAN YZERFONTEIN INWONERSVERENIGING SE SKRYWE GEDATEER 16 MAART 2015 EN 28 MEI 2015**

1. Formaat van Begroting
Dat kennis geneem word dat die versoek van YIV t.o.v. die insluiting van koste van verkope en depresiasie in tabelle wat tans slegs netto surplus of tekorte weergee aangaande die basiese dienste en dat dit reeds in die A-skedule asook begrotingsverslag geakkommodeer word.

2. Inligtingsvergadering
(i) Dat kennis geneem word van die versoek, en dat die kapitaalbesteding wel per dorp aangetoon kan word, maar nie die bedryfsbesteding nie. Lg. sal wel later deur SCOA (Standard Chart of Accounts) aangespreek word;
(ii) Dat verder kennis geneem word van die versoek vir langer vraetyd tydens die inligtingsvergadering en sal gepoog word om dit te akkommodeer.

3.1 Eiendomsbelasting
(i) Dat daar kennis geneem word van die besorgdheid van die YIV aangaande geringe kapitaalbesteding in Yzerfontein, maar dat dit as 'n gegewe beskou word dat belastingbetalers die minder bevoorregtes moet kruissubsidieer met die voorsiening van basiese dienste as 'n basis vir die prioritisering van kapitaalprojekte;

(ii) Dat daar verder kennis geneem word dat kundiges vanuit die eiendomsmark betrek word, ten einde die korrektheid van eiendomme soos vervat in die Algemene Waardasie ‘n mening oor uit te spreek.

(iii) Dat die korting van R100 000 op alle eiendomme nie geïmplementeer kan word nie, aangesien die Raad **steeds dieselfde** inkomste uit eiendomsbelasting moet verkry, en die las net na 'n volgende kategorie verskuif word, wat reeds belas word met die inkrementele glyskale soos van toepassing op water en elektrisiteit. Dat daar verder kennis geneem word, dat die Direkteur: Finansiële dienste die finansiële implikasie met verwysing na die R100 000 korting aan die YIV sal voorsien;
(iv) Dat die Raad, weens finansiële beperkings, volstaan met die korting van R200 000 aan pensioenarisse en dat geen ander toegewing oorweeg word nie;
(v) Dat daar kennis geneem word van die vergelyking met die eiendomsbelastingstarief van Mosselbaai Munisipaliteit, maar indien die eiendomsbelastingstarief verminder word, sal ander dienstetariewe moet verhoog om dieselfde inkomste te genereer en word daar dus volstaan met die voorgestelde eiendomsbelastingstariewe van toepassing op die onderskeie kategorieë.

3.2 Watertarief
(i) Dat kennis geneem word van die versoek van die YIV om 'n basiese tarief op alle eiendomme te hef, en nie slegs op onbeboude erwe nie, aangesien lg. as onregverdig beskou word. Dit is egter die uitgangspunt dat eienaars deur die beskikbaarheidsgelde aangemoedig moet word om erwe te ontwikkel sodat die Raad die volle heffings op die eiendom kan bekom;

7.2(A)(1)/...

(ii) Dat daar verder kennis geneem word dat daar met ingang van 1 Julie 2015 begin sal word om die 10kl gratis water aan deernishoudings jaarliks te verminder met 1kl tot die perk van 6kl en die 6kl gratis water aan residensiële huishoudings jaarliks met 1kl te verminder tot op 0kl ten einde die tekort op die waterdiens aan te spreek.

3.3 Vullisverwydering
Dat daar volstaan word met die kommentaar elders in die verslag.

3.4 Riolering
(i) Dat kennis geneem word van die versoek van die YIV om 'n basiese tarief op alle eiendomme te hef, met 'n bykomende tarief vir diensgebruikers, ongeag hoe die munisipaliteit riool vervoer. Verder, dat daar kennis geneem word dat Overstrand se tarief as basis voorgestel word waar daar geen onderskeid getref word tussen spoel- en suigtenkriole nie;
(ii) Dat daar nie 'n tarief vir die sypelrioolstelsel vir die 2015/16 finansiële jaar oorweeg word nie;
(iii) Dat 'n kosteverhalende tarief gehef sal word op alle erwe waar 'n riooldiens beskikbaar is;
(iv) Dat 'n toegewing gemaak sal word vir die 3de rioolsuigpomping teen geen koste waar die rioolsuigpomping oor paasnaweek of gedurende skoolvakansies (skoolvakansies soos van toepassing in die RSA), aangevra word. Waar 'n 4de rioolsuigpomping in dieselfde maand versoek word, sal sodanige rioolsuigpomping teen werklike koste gehef word i.t.v. die Raad se tariewebeleid.
(v) Dat kennis geneem word dat indien enige rioolsuigpomping, ongeag die toegewing, na gewone kantoorure versoek word, 'n addisionele toeslag gehef sal word i.t.v. van die Raad se tariewebeleid;
(vi) Dat verder kennis geneem word dat die Departement: Siviele Ingenieursdienste opdrag gegee is om die gemeenskaplike tenk se nie-heffings te ondersoek, welke handeling ook as n prestasie indikator in die presasiebestuurstesel ingesluit moet word.

3.5 Tariewe: Algemeen
Dat daar kennis geneem word van die teenstrydigheid i.t.v. die toepassing van die Beleid teenoor wat in die praktyk geskied met verwysing daarna deur YIV dat verbruikers vir 'n diens moet betaal in ooreenstemming met die gebruik van die diens, en sal die munisipaliteit die bewoording van die artikel 2(c) hersien – verwys Tariewebeleid elders in die sakelys.

4. **Kapitaal- en bedryfsbesteding**

4.1 Verkeer en parkering by Spar
Dat daar kennis geneem word van die volledige kommentaar in die verslag en dat daar 'n bedrag van R2,500,000 in die 2015/16 finansiële jaar begroot is vir die projek: *Yzerfontein, Streets, Parking Area & Pavements (Buitekant Street/HP215)*.

4.2 Plavei of teer van sypaadjies / ook voor Beaches Restaurant
Dat daar kennis geneem word dat die afskaling van die projek m.b.t. die opgradering van die interseksie by SPAR 'n geleentheid bied om oorweging aan die sypaadjie-projek te gee, maar sal dit afhang of daar enige fondse beskikbaar is na die konstruksies van die nuwe parkeerarea by SPAR, sowel as die toegangspad na mnr Frik Weyers.

4.3 Rehabilitasie van die plankiespad in Pearl Bay
Dat daar kennis geneem word van hierdie behoefte, en sal daar eers 'n kosteberaming gedoen moet word. Daarna sal bepaal moet word of daar fondse in die bedryfsbegroting vir hierdie tipe werk beskikbaar is.

4.4/...

7.2(A)(1)/...

4.4 Teer van Volstruislaan
Dat daar gedurende die 2015/16 begroting, afhangende van die kostes van die nuwe parkeerarea by Spar, oorweging daaraan verleen word om Volstruislaan se beplanning te doen. Dit is egter 'n kapitaalprojek wat moet meeding met ander basiese dienste.

4.5 Parkering, erf 495 as moontlikheid
Dat daar volstaan word met die kommentaar elders in die verslag.

4.6 Openbare toilette, mobiele toilette het sake verbeter, maar 'n permanente oplossing is nodig – veral by Pearl Bay
(i) Dat kennis geneem word van die kommentaar en hoë kostes t.o.v. die oprigting van permanente toilette in die verslag;
(ii) Dat daar verder kennis geneem word van die kommentaar t.o.v. die sukses met die gebruik van tydelike toilette met 'n handewasbak, vloeibare seep en toiletpan gedurende die 2014/15 feesseisoen en dat daar voortaan van tydelike toilette gebruik gemaak sal word.

5. Depresiasie
Dat daar volstaan word met die kommentaar elders in die verslag.

6. Salarisse
Dat daar volstaan word met die kommentaar elders in die verslag.

(2) ANC CONNIFF JANUARY TAK, RIEBEEK-WES – MEMORANDUM ONTVANG GEDATEER 28 APRIL 2015

1. Behuising
Dat daar kennis geneem word van die kommentaar elders in die verslag, en dat die gedeelte grond nie die kapasiteit het om meer huise te vestig nie. Verder is die befondsing wat jaarliks ontvang word nie voldoende om meer huise in Riebeek-Wes, sowel as in ander dorpe te bou nie.

2. Ontspanningsgeriewe
(i) Dat die ophef van die moratorium op die gebruik van die Riebeek-Wes Stadsaal nie op hierdie stadium oorweeg word nie, vir die redes soos voorgehou in die kommentaar elders in die verslag;
(ii) Dat daar kennis geneem word dat die bou van 'n saal by die rugbyvelde tans ondersoek word as 'n alternatief, en dat daar gepoog sal word om eksterne befondsing/borgskappe vir hierdie doel te bekom.

3. Rekreasiesentrum
(i) Dat daar kennis geneem word dat erf 106, Riebeek-Wes die eiendom van die Departement van Openbare Werke is en dat die behoefte van die Riebeek-Wes gemeenskap aan die betrokke departement gekommunikeer sal word.

4. Sportgronde
(i) Dat daar volstaan word met die kommentaar elders in die verslag;
(ii) Dat daar verder kennis geneem word dat dit reeds 'n prioriteit op die Areaplan van Wyk 3 is.

5. Opgradering van strate
Dat kennis geneem word van die kommentaar elders in die verslag en dat die opgradering van slegs Appollis- en Adamstraat in die 2015/2016 finansiële jaar sal geskied.

6. Begraafplaas
(i) Dat daar kennis geneem word dat daar tydens 'n vergadering met die Begrafnisondernemingsforum op 4 Mei 2015 ooreengekom is dat daar van tydelike toilette tydens begrafnisse gebruik gemaak sal word en dat 'n tarief vir hierdie doeleindes vasgestel sal word;

7.2(A)(2)/...

(ii) Dat daar kennis geneem word dat die Munisipaliteit tans in proses is om sy Meesterplan t.o.v. begraafplase te hersien en dat die inligting aan die wyksraadslede beskikbaar gestel sal word.

(3) GEMEENSKAPSKOMITEE, RIEBEEK KASTEEL – SKRYWE GEDATEER 28 APRIL 2014

1. Gemeenskapsaal in Esterhof
   (i) Dat daar volstaan word met die kommentaar, elders in die verslag;
   (ii) Dat daar kennis geneem word dat hierdie projek as die belangrikste prioriteit in die Areaplan van Wyk 12 opgeneem is, maar jaarliks moet meeding met ander diensleweringsprioriteite.

2. Biblioteek in Esterhof
   Dat kennis geneem en daar volstaan word met die kommentaar elders in die verslag.

3. Huise
   Dat daar kennis geneem word van die kommentaar elders in die verslag, en dat die behoefte na die Areaplan van Wyk 12 verwys word vir oorweging.

4. Opgradering van paaie
   Dat daar kennis geneem word van die behoefte, maar dat daar geen opgradering van strate in Riebeek Kasteel vir die 2015/16 finansiële jaar beplan word nie.

5. Opgradering van sportgeriewe
   Dat daar volstaan word met die kommentaar elders in die verslag.

B: **GOEDKEURING VAN DIE AANPASSING OP DIE 2014/2015 AANSUIWERINGSBEGROTING**

(a) Dat kennis geneem word dat die begrote inkomste vermeerder het met bykomende toekennings ontvang, naamlik:

- R6 000 000 vanaf Departement van Energie
- R204 528 vanaf Departement van Menslike Nedersettings vir Rampbestuur

(b) Dat die Raad kennis neem van die impak van voormelde op die:

Bedryfsbegroting
Die begrote bedryfsuitgawes het verhoog met die R 204 528 vir Rampbestuur waarvan die befondsing ontvang is en die begrote bedryfsinkomstes verhoog dienooreenkomstig met R6 204 528.

Kapitaalbegroting
Die begrote kapitaaluitgawes het verhoog met die R 6 000 000 wat ontvang is vanaf Departement van Energie.

C: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2015/2016; 2016/2017 EN 2017/2018

(a) Dat die meerjarige Kapitaal- en Bedryfsbegroting goedgekeur word, **onderskeidelik ten bedrae van**:

			Histories:	**Tans:**
(1)	**Kapitaalbegroting**	**:** 2014/2015	R 81 073 971	R
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting 1	: 2014/2015	R	R 107 495 708
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting 2	: 2014/2015	R	R 113 495 708
	90 Dae Konsep	**: 2015/2016**	**R**	**R 93 325 408**
	30 Dae Finaal	**: 2015/2016**	**R**	**R 92 885 408**
		: 2016/2017	R	R 93 451 119
		: 2017/2018	R	R 91 633 472

7.2(C)(a)/...

(2)	**Bedryfsbegroting**	**:**			
	Inkomste	**:**	2014/2015	R 477 648 231	R
	Aansuiwerings Inkomstebegroting 1	:	2014/2015	R	R 543 239 243
	Aansuiwerings Inkomstebegroting 2	:	2014/2015	R	R 549 443 771
	90 Dae Konsep	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 565 422 353**
	30 Dae Finaal	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 564 444 651**
		:	2016/2017	R	R 607 896 882
		:	2017/2018	R	R 664 858 051
	Uitgawe	**:**	2014/2015	R 508 577 747	R
	Aansuiwerings Uitgawebegroting 1	:	2014/2015	R	R 558 781 947
	Aansuiwerings Uitgawebegroting 2	:	2014/2015	R	R 558 986 475
	90 Dae Konsep	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 573 391 198**
	30 Dae Finaal	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 579 331 647**
		:	2016/2017	R	R 619 940 026
		:	2017/2018	R	R 667 492 911
	Surplus/Tekort	**:**	2014/2015	- R 30 929 516	R
	Aansuiweringsbegroting 1	:	2014/2015	R	-R 15 542 704
	Aansuiweringsbegroting 2	:	2014/2015	R	-R 9 542 704
	90 Dae Konsep	**:**	**2015/2016**	**R**	**-R 7 968 844**
	30 Dae Finaal	**:**	**2015/2016**	**R**	**-R 14 886 996**
		:	2016/2017	R	-R 12 043 144
		:	2017/2018	R	-R 2 634 860

(b) Dat kennis geneem word van die aanpassings wat plaasgevind het tussen die 90- en 30dae begroting soos volledig uiteengesit word in **Aanhangsel J**;

(c) Dat daar volstaan word met die voorgestelde elektrisiteitstariewe wat tydens 26 Maart 2015 aan die Raad voorgelê was, in afwagting op die finale goedkeuring deur NERSA en die afkondiging van die moontlike bykomende verhoging op die reeds goedgekeurde 12.20% en heffing van R0.02/kWh deur die Nasionale Minister van Finansies na afloop van 15 Mei 2015;

(d) Dat die Raad spesifiek let op die wysigings in die riooltarief, naamlik –

- dat daar vanaf 2015/16 beskikbaarheidsfooie op alle erwe gehef word, ook dié wat voorheen slegs vir rioolsuigpompings betaal het, uitgesluit sypelriool;
- dat daar 'n dringende ondersoek gedoen word na sypelriole, veral in Yzerfontein, asook waar erwe gekoppel is aan 'n gemeenskaplike riooltenk. Tans lewer hierdie erwe geen bydrae tot die inkomste t.o.v. rioolderienste nie, en dat die opdrag as 'n KPI aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste opgedra word;

(e) Dat die Raad kennis neem dat die gemiddelde verhoging op huishoudings vir die 2015/2016 finansiële jaar tussen 9% en10% sal beloop;

(f) Dat goedkeuring van die begroting geskied, met inbegrip van die volgende begrotingsverwante beleide –

(i) Belastings;
(ii) Tariewe;
(iii) Projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
(iv) Begrotingsverwante beleidsdokumente, met verwysing na Aanhangsel D, naamlik:

- Kredietbeheer- en Skuldinvorderingsbeleid (onveranderd);
- Tariefbeleid (gewysig as deel van begrotingsproses; die verordening word elders in die sakelys hanteer);
- Eiendomsbelastingsbeleid (gewysig as deel van begrotingsproses; die verordening word elders in die sakelys hanteer);
- Voorsieningskanaalbestuursbeleid (gewysig);
- Virementbeleid (gewysig);

7.2(C)(f)/...

- Kontantbestuur- en Beleggingsbeleid (onveranderd);
- Nuwe beleide: Befondsing en Reserwe-, Skuld en Lening- en Langtermyn Finansiële Beplanningsbeleid – word elders in die sakelys hanteer;

(g) Dat kennis geneem word dat die Bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste- en werklike kapitaalbydraes en verkope van grond nie, ten einde die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(h) Dat kennis geneem word van die salarisverhogings soos opgeneem in die begroting, naamlik –

- ten aansien van die Munisipale Bestuurder en artikel 56-aanstellings, gebaseer op ‘n markverwante verhoging wat jaarliks deur ‘n professionele konsultant, Work Dynamics (*PE Corporate Services*) bepaal word. Die uitslag wissel tussen 7% - 7.27% met ‘n gemiddelde van 7.16%;
- ten aansien van raadslede is daar voorsiening gemaak vir 'n 6% verhoging; en
- ten aansien van werknemers ‘n algemene verhoging van 7%;

(i) Dat die Raad kennis neem dat die toewysing van betaling op diensterekeninge onveranderd bly, nl. dat oudste skuld eerste vereffen word volgens die reeds goedgekeurde volgorde van rente, eiendomsbelasting, dienste en diverse heffings;

(j) Verder, dat die Raad goedkeuring verleen dat waar die laaste betaaldag van eiendomsbelasting en diensterekeninge op ‘n Saterdag, Sondag of Publieke vakansiedag val, alle betalings eers in berekening gebring word voordat die renteheffing vir laat betaling van die diensterekening gemaak word.

(k) Dat daar **met groot kommer** kennis geneem word van die tekorte in die bedryfsbegroting, asook van die volgende kommerwekkende faktore met verwysing na die ingeslote kontantvloeistaat vir die huidige sowel as die daaropvolgende vier finansiële jare:

- die risikofaktor vir kontantdekking vir bedryfsuitgawes wat in jaar 4 en jaar 5 laer daal as die norm wat tussen 4 en 2 behoort te wees;

- die verwagte bedryfstekorte vir 2015/16, 2016/17 en 2017/18 wat onderskeidelik - R 14 886 996, - R 12 043 144 en - R 2 634 860 sal beloop;

(l) Dat die Raad kennis neem dat ‘n volledige Langtermyn Finansiële Plan wat strategieë sal bevat, tydens die November 2015 raadsvergadering voorgelê sal word met die oog op die opstel van die nuwe vierde generasie GOP (2017 - 2022);

(m) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die begrotings-dokumentasie ten opsigte van verslagdoening aan die Provinsiale- en Nasionale Tesourie;

(n) Dat die meerjarige begroting na die direktoraat Ontwikkelingsdienste verwys word om te evalueer of die kapitaalprojekte wat daarin vervat word enige gelyste aktiwiteit ingevolge NEMA behels ten opsigte waarvan omgewingsmagtiging vereis word.

7.3 SLEUTELPRESTASIE-AANWYSERS (KPI'S) EN TEIKENS VIR 2015/2016 (2/1/4/4/1)

Die sleutelprestasie-aanwysers moet jaarliks ingevolge regulasie 11(1) van die Munisipale Beplanning- en Prestasiebestuursregulasies, 2001 hersien word, maar ook wanneer 'n munisipaliteit sy GOP wysig.

Verder is daar/...

7.3/...

Verder is daar bepaalde leemtes in die sleutelprestasie-aanwysers en teikens deur die Ouditeur-Generaal gedurende die 2014 eksterne oudit uitgewys wat nou aangespreek word in die jongste wysigings.

BESLUIT

Dat die aangehegte sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens goedgekeur word, onderhewig aan die volgende toevoegings –

- ondersoek na sypelriole, veral in Yzerfontein, asook waar erwe gekoppel is aan 'n gemeenskaplike riooltenk – opdrag as 'n KPI aan die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste;
- toepaslike KPI's aan betrokke amptenare m.v.n. die implementering van die Langtermyn Finansiële Plan wat gedurende November 2015 aan die Raad voorgelê sal word.

7.4 WYSIGING VAN VOORSIENINGSKANAALBESTUURSBELEID (8/1/2/B)

Die Voorsieningskanaalbestuursbeleid bepaal dat die rekenpligte beampte (of sy gedelegeerde) die beleid jaarliks moet hersien. Alhoewel daar geen omsendskrywes die afgelope 12 maande deur Nasionale Tesourie uitgereik is wat 'n effek op die Voorsieningskanaalbestuursbeleid tot gevolg gehad het nie, is daar enkele wysigings aangebring.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 28 Mei 2015)

Dat die voorgestelde wysigings op die Raad se *Supply Chain Management Policy*, soos voorgehou in Aanhangsel A, met onmiddellike effek goedgekeur word.

7.5 VASSTELLING VAN KAPITAALONTWIKKELINGSBYDRAES (15/1/B)

Die kapitaalontwikkelingsbydraes moet jaarliks voor die aanvang van die nuwe finansiële jaar hersien word om dit in lyn te bring met die ontwikkelingsbehoeftes van die munisipale area.

Daar het egter nie wesenlike veranderinge plaasgevind in die ontwikkelingsbehoeftes nie, en daarom word dieselfde kaptiaalontwikkelingsbydraes as die 2014/2015 finansiële jaar voorgestel.

BESLUIT

(a) Dat die aangehegde kapitaalontwikkelingsbydraes vir die 2015/2016 finansiële jaar aanvaar word:

- "Greenfields" kapitaalontwikkelingsbydraes – Malmesbury (Aanhangsel I)
- "Brownfields" kapitaalontwikkelingsbydraes – Swartland Munisipale Gebied (Aanhangsel II)
- Kapitaalontwikkelingsbydraes – Riebeek Vallei (Aanhangsel III);

(b) Dat 'n korting van 40% vir die 2015/2016 finansiële jaar as insentief vir ontwikkelaars ingestel word ten opsigte van alle kapitaalontwikkelingsbydraes, en dat jaarliks oorweging verleen sal word aangaande die uitfasering van die korting;

(c) Dat elke ontwikkelaar se spesifieke en unieke kapitaalbydraes, bepaal word deur die berekening van werklikekoste-kapitaalbydraes, asook die vastekoste-kapitaalbydraes soos van toepassing op daardie ontwikkeling en dat elke ontwikkelaar ingevolge artikel 42 van LUPO 'n onderneming moet aangaan om die bydraes dienooreenkomstig te betaal;

(d)/...

7.5/...

(d) Dat wanneer LUPA (na verwagting in Julie-September) in werking tree en LUPO vervang word, elke ontwikkelaar dan ingevolge artikel 40 sal onderneem om die spesifieke en unieke kapitaalbydraes te betaal, bestaande uit werklike- en vastekoste-kapitaalbydraes;

(e) Dat wanneer die plaaslike Verordening rakende Munisipale Grondgebruiks-beplanning, ingevolge artikel 12 van die Munisipale Stelselwet (Wet 32 van 2000) later vanjaar afgekondig word, daar ook voorwaardes ingevolge die relevante artikels opgelê sal word.

7.6 AANVAARDING VAN SPORTBELEID (17/9/2/B)

Daar is reeds in 2007 'n aanvang geneem met die ontwikkeling van 'n Sportbeleid in oorleg met verskeie rolspelers en ander munisipaliteite. Die beleid spreek nie slegs sportontwikkeling in die munisipale area aan nie, maar ook die daarstelling van sportforums, befondsing, reëls waarbinne sportfasiliteite gebruik mag word, tariewe, en so meer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die inhoud van die aangehegte Sportbeleid;

(b) Dat die Sportbeleid aanvaar word vir implementering met ingang van 1 Julie 2015.

7.7 GOEDKEURING VAN DIE MEESTERPLAN VIR SPORTFASILITEITE (17/9/2/B)

Die Meesterplan vir Sportfasiliteite het sy oorsprong uit vereistes wat deur die *Municipal Infrastructure Grant* (MIG) gestel word, deurdat 15% daarvan aan die sg. *P-Component – Public Municipal Sport Facilities* toegewys moet word.

Advies vanaf die provinsiale MIG-kantoor dui daarop dat volgehou nie-voldoening aan die vereistes van die P-komponent kan lei tot 'n ouditafkeuring en word die verkryging van 'n skoonoudit dus in gedrang geplaas.

'n Meesterplan vir Sportfasiliteite is noodsaaklik vir die suksesvolle registrasie van 'n projek ingevolge die P-komponent.

BESLUIT

Dat die aangehegte Meesterplan vir die Ontwikkeling van Sportfasiliteite deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur word.

7.8 HERSIENING VAN *SWARTLAND MUNICIPALITY: BUSINESS CONTINUITY AND DISASTER RECOVERY PLAN* (17/5/B)

Dit is belangrik om die *Business Continuity and Disaster Recovery Plan* van Swartland Munisipaliteit gereeld te hersien, veral ten opsigte van belangrike kontaknommers.

Die doel van die plan is om Swartland Munisipaliteit, en spesifiek alle departemente, voor te berei op uitgebreide dienste-onderbrekings wat deur faktore buite die munisipaltieit se beheer veroorsaak kan word, en om dienste so spoedig moontlik weer te herstel.

BESLUIT

(a) Dat die gewysigde *Business Continuity and Disaster Recovery Plan* van Swartland Munisipaliteit goedgekeur word;

(b) Dat die plan op 'n jaarlikse basis hersien word en dat uitvoering aan die plan gegee word.

7.9 KOMMUNIKASIESTRATEGIE 2014-2017: EERSTE HERSIENING (6/2/2/B)

Die Kommunikasiestrategie vir die Munisipaliteit is op 16 Julie 2014 goedgekeur om saam te loop met die termyn van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, met die verstandhouding dat dit – soos lg. – jaarliks teen Mei hersien moet word.

Aangesien dit 'n baie jong strategie is, is geringe wysigings nodig. Die resultate van die onlangse Kliëntediensopname is wel in die nuutste weergawe geakkommodeer.

Die kommunikasie-aksieplanne vir 2015/2016 wat uit die strategie voortspruit, sal voor einde Junie in oorlegpleging met die onderskeie direktorate gefinaliseer word. Van besondere belang is dat daar ook van raadskant aksies/aktiwiteite oorweeg sal moet word, spesifiek ten aansien van die uitdaging om wykskomitees as effektiewe en geloofwaardige meganismes vir konsultasie en kommunikasie te posisioneer.

BESLUIT

(a) Dat die gewysigde 2012-2015 Kommunikasiestrategie goedgekeur word;

(b) Dat daar weer eens kennis geneem word dat kommunikasie die funksie is van almal by die Munisipaliteit, en dat sowel die Uitvoerende Burgemeester, raadslede (veral wyksraadslede) en werknemers gesamentlik verantwoordelik is om in te koop by die Kommunikasiestrategie, en spesifiek die opstel van Aksieplanne wat daaruit voortspruit.

7.10 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE DIE REëLS VIR DIE HOU VAN VERGADERINGS (1/1)

Die konsep Verordeninge insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings is opgestel as 'n hersiening van die Verordening vir die Hou van Vergaderings van die Raad van Munisipaliteit Swartland wat met ingang van 14 Januarie 2005 in werking is.

Die belangrikse wysigings en toevoegings tot die nuwe verordening is in die item tot die sakelys toegelig.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 28 Mei 2015)

(a) Dat die konsep verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings in beginsel goedgekeur word, en daar by die Raad aanbeveel word dat dit in konsep aanvaar en vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste;

(b) Dat kennis geneem word dat die inhoud van die verordening tydens die voorgenome werkswinkel met raadslede op 19 Mei 2015 in groter besonderhede behandel sal word.

7.11 AANVAARDING VAN VERSKEIE VERORDENINGE (1/1)

Die konsep verordeninge insake (1) Openbare Oorlaste en (2) Straatkollektes was reeds aan raadslede gesirkuleer vir doeleindes van die Maart-vergadering. Geen insette is gedurende die publieke deelnameproses ontvang nie.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 28 Mei 2015)

Dat die volgende verordeninge deur die Raad goedgekeur word, om in werking te tree op datum van afkondiging in die Provinsiale Koerant:

(1) Verordening insake Openbare Oorlaste;
(2) Straatkollektes.

7.12/...

7.12 VERHURING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUDOELEINDES AAN DIE KORINGBEDRYFMUSEUM (12/2/5/5-9/2)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 11 Maart 2015 goedkeuring verleen dat voorstelle ingewin word vir die verhuring van 'n gedeelte (groot ±17.7 ha) van erf 1133, Moorreesburg.

Die Munisipale Bestuurder was met volmag beklee om 'n komitee aan te wys om, in oorlegpleging met die betrokke wyksraadslid, mnr C H Papers, die voorstelle te oorweeg en 'n toekenning te mag maak na die sperdatum.

Die notule van die vergadering van die toekenningskomitee wat op 10 April 2015 plaasgevind het, is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die voorstel van die Koringbedryfmuseum goedgekeur is om 'n gedeelte van erf 1133, Moorreesburg (soos aangetoon op die liggingsplan gemerk **Aanhangsel B**) van die Munisipaliteit te huur vir akkerboudoeleindes;

(b) Dat daar ook kennis geneem word van die ander besluite van die toekenningskomitee, waaraan die Direkteur: Korporatiewe Dienste sal uitvoering gee.

7.13 KANTOORAKKOMMODASIE: MOORREESBURG SPORTFORUM (12/1/3/1-9/1)

Die Raad verhuur die kantoor wat bekend staan as die ou Toerismekantoor te Moorreesburg aan die Moorreesburg Sportforum. 'n Aansoek is van lg. ontvang om die kantoor vir 'n verdere termyn van twaalf maande te huur.

BESLUIT

(a) Dat die ou Toerismekantoor te Moorreesburg m.i.v. 1 Mei 2015 vir 'n verdere termyn van 12 maande aan die Moorreesburg Sportforum verhuur word ter uitvoering van hul administratiewe funksies;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10.00 plus 14% BTW per maand;

(c) Dat die huidige huurvoorwaardes sal bly geld.

7.14 HUUROOREENKOMS: ONTSPANNINGSKLUB TE YZERFONTEIN (17/9/2/2/2-14)

Die Yzerfontein Ontspanningklub huur ±1.2 ha grond vanaf die Raad vir doeleindes van 'n sportfasiliteit. 'n Addisionele stuk grond (groot 440m²) word ook sedert 1 Desember 2013 gehuur wat as parkeerterrein aangewend word.

BESLUIT

(a) Dat die sportfasiliteit, insluitend die 440m^2 grond vir gebruik as parkeergebied, in Yzerfontein aan die Yzerfontein Onspanningsklub verhuur word vir 'n verdere termyn van 9 jaar en 11 maande, met ingang vanaf 1 Mei 2015;

(b) Dat die Raad se voorneme in die plaaslike pers vir kommentaar geadverteer word;

(c) Dat die Huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van advertensiekoste;

(d) Dat die huurvoorwaardes onveranderd bly, behalwe die huurgeld, wat aangepas word na R100.00 per jaar.

7.15/...

7.15 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY TENNISKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury tennisfasiliteite (by die Dieprivier-sportgrond) aan die Malmesbury Tennisklub op 'n jaar tot jaar basis.

Die huurtermyn het op 30 April 2015 verstryk.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Malmesbury Tennisklub aangegaan word vir die huur van die fasiliteite op ‘n maand tot maand basis wat nie 12 maande sal oorskry nie;

(b) Dat die huurgeld vasgestel word op R10,00 per jaar plus BTW;

(c) Dat die bestaande huurvoorwaardes gehandhaaf word.

7.16 KAAPSE WESKUS/SWARTLAND TOERISMEVERENIGING: (1) KWARTAALVERSLAG; (2) UITGAWE VIR DIE RAAD T.O.V. TOERISMEFUNKSIE (9/1/3/2/1)

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee het op 8 April 2015 versoek dat die volgende inligting aangaande die toerismefunksie beskikbaar gestel word, naamlik:

(1) kwartaallikse verslag aangaande die prestasie-indikatore ingevolge die Diensleweringsooreenkoms;
(2) 'n verslag aangaande die totale uitgawe van die toerismefunksie vir die Raad.

Die betrokke verslae is as aanhangsels tot die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die Kaapse Weskus/Swartland Toerismevereniging se:

(i) jaarlikse meting en kwartaallikse verslag;
(ii) jaarlikse uitgawes vir 2013/2014 en uitgawe vir 2014/2015 tot op hede;

(b) Dat die Kaapse Weskus/Swartland Toerismevereniging versoek word om statistieke bekend te maak aangaande die toerismefunksie se bydrae tot ekonomiese groei/ontwikkeling.

7.17 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURBELEID VIR DIE PERIODE: 1 JANUARIE 2015 – 31 MAART 2015 (8/1/B/2)

Die Voorsieningskanaalbestuursregulasies bepaal dat daar kwartaalliks aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word insake die werksaamhede van die betrokke afdeling.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die kwartaallikse verslag van die *Supply Chain Management Policy* se implementering vir die periode 1 Januarie 2015 tot 31 Maart 2015 wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word.

7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN PROGRAMMEERBARE BEHEEREENHEID, MALMESBURY RIOOLWERKE (16/3/1/5)

Die Malmesbury Rioolsuiweringsaanleg beskik oor 'n meganiese slykontwateringsaanleg wat 'n kritiese komponent van die rioolsuiweringsproses is ten opsigte van die verwydering van rioolslyk. Die aanleg funksioneer ten volle outomaties en dit word moontlik gemaak deur die programmeerbare beheereenheid.

7.18/...

Die beheereenheid het onklaar geraak en gevolglik kan slyk nie uit die suiweringsproses verwyder word nie.

Die Uitvoerende Burgemeester wys daarop dat hierdie apparaat nie deel van die nuwe rioolsuiweringstelsel is nie.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die programmeerbare beheereenheid van die slykontwateringsaanleg en wel om die volgende rede:

(i) dat die herstelwerk as ’n noodgeval uitgevoer moet word aangesien die slykontwateringsaanleg ’n kritiese komponent van die rioolwerke is en die rioolwerke nie die riool voldoende kan suiwer sonder die slykontwateringsaanleg nie;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het dat die herstelwerk uitgevoer word en die handeling dienooreenkomstig gekondoneer word;

(c) Dat daar voldoende voorsiening in die Afdeling: Rioolwerke se bedryfsbegroting vir hierdie uitgawe is en dat die bedrag van R45 775.44 teen posnommer 59-76-30-00-0228 verreken word;

(d) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19 WYSIGING VAN BESLUIT: AANSTELLING VAN JOHN LAWSON (2/1/4/4/1)

Met die aanstelling van John Lawson deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 21 Januarie 2015 is 'n bedrag van R21 000 (BTW ingesluit) in die verslag vermeld. Hierdie uitgawe was egter vir die fasilitering van 'n werkwinkel deur John Lawson op 5 Desember 2014.

Die uitgawe vir die ontwikkeling van 'n Medium Termyn Ontwikkelingstrategie beloop egter R175 000 (BTW ingesluit).

BESLUIT

Dat paragraaf (b) van die Burgemeesterskomiteebesluit van 21 Januarie 2015 (Item 7.12) as volg gewysig word:

(b) Dat die bedrag van R175 000 (BTW ingesluit) vir die aanstelling van John Lawson as volg verreken word:

(i) 'n bedrag van R37 368.42 vir die 2014/2015 finansiële jaar teen posnommer 114052003116 (Financial Management Grant: Sundries) en die balans teen posnommer 050852002220 in die 2015/2016 finansiële jaar.

7.20 AFWYKING VAN DIE VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES VIR DIE HERSTELWERK AAN VULLISKOMPAKTEERVRAGMOTOR, CK 37314 (6/1/2/1)

Daar is twee vulliskompakteervragmotors op bystand met die doel om te verseker dat die vullisverwyderingsdiens glad voortgaan in die geval van vragmotors wat gediens moet word, pap bande, herstelwerk, seisoentyd, ens.

Een van die bystandsvragmotors – CK 37315, 'n 2004-model – se vulliskompakteer-eenheid het skeure aan die vloer en binnewande wat herstel moet word, en verder is dit nodig om die silinders te vervang.

7.20/...

Transtech is die alleen agent van *McNiel* in Suid-Afrika en het die vulliskompakteer-eenheid van die betrokke vragmotor gebou.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die herstel van die vulliskompakteervragmotor, CK 37315 en wel om die volgende rede:

(i) dat sodanige goedere of dienste slegs deur een vervaardiger voorsien kan word;

(b) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen het vir die herstel van CK 37315 se vulliskompakteerder en dat die werk uitgevoer word deur *Transtech* vir die bedrag van R106 638.73 (BTW uitgesluit);

(c) Dat die herstelwerk teen die Herstelwerkpos, posnr. 65-74-30-00-0376 gedoen word waar fondse beskikbaar is;

(d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsienings-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.21 *SALGA: COMMUNITY DEVELOPMENT WORKING GROUP: 18 FEBRUARY 2015* (11/1/1/24)

'n Verslag aangaande die besprekings en inligting deurgegee tydens die *SALGA: Community Development Working Group* van 18 Februarie 2015 is met die sakelys gesirkuleer. Hierdie werkgroep was bygewoon deur rdh M S I Goliath en die Hoof: Gemeenskapsontwikkeling, me M Holtzhausen.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die inligting wat op die *SALGA: Community Development Working Group* van 18 Februarie 2015 deurgegee is.

7.22 ERFVERKOPE VOORTSPRUITEND UIT VEILING GEHOU OP 21 MAART 2015 (12/2/5/1)

Die uitslag van die openbare veiling wat op Saterdag, 21 Maart 2015 plaasgevind het van erwe in Tafelzicht, Newclaire en Dalsig was op 8 April 2015 aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê.

Slegs vier erwe (drie in Tafelzicht en een in Dalsig) se aanbiedinge is aanvaar. Opdrag is gegee dat die kopers ‘n teenaanbod kan maak deur geleentheid tot 30 April 2015 te hê om hul aanbiedinge te verhoog tot ‘n bedrag gelykstaande aan 70% van die munisipale waardasie (wat as reserweprys vasgestel was), plus 14% BTW en 3% afslaers-kommissie.

Die raadsprokureur het op 12 Mei 2015 verwittig dat die teenaanbiedinge ten opsigte van drie erwe in Newclaire (erwe 10225, 3124 en 10249) aanvaar is, asook 14 erwe in Dalsig (erwe 10336, 10338, 10342, 10344, 10345, 10346, 10347, 10353, 10383, 10380, 10379, 10393, 10396 en 10390).

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word dat die teenaanbiedinge ten opsigte van drie erwe in Newclaire en 14 erwe in Dalsig deur die kopers aanvaar is, en daar dus nou voortgegaan sal word met die finalisering van hierdie verkooptransaksies;

7.22/...

(b) Dat kennis geneem word dat die veilingopbrengs ‘n totale bedrag van R2 480 700.00 beloop het, BTW en afslaerskommissie uitgesluit;

(c) Dat goedkeuring verleen word dat die direktoraat Korporatiewe Dienste voortgaan om die erwe wat nie verkoop is nie, synde ses erwe in Dalsig en 20 erwe in Newclaire, te adverteer vir uit-die-hand vervreemding met ingang vanaf 1 Junie 2015, teen 70% van die munisipale waardasie plus 14%;

(d) Dat die reservering van 'n eiendom vir 'n bepaalde koper beperk sal word vir 'n periode van 30 dae, en nie "hoogstens een kalendermaand" soos besluit op 8 April 2015 nie.

7.23 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

‘n Verslag aangaande die uitstaande versekeringseise moet ingevolge die Batebestuursbeleid maandeliks aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die Munisipale Bestuurders gee die bedrae deur met betrekking tot die verlies wat die Raad gelei het met die transito rooftog. Die munisipaliteit is in proses om 'n eis teen die diensverskaffer in te stel, aangesien lg. erken het dat dit 'n 'inside job' was wat 'n verlies vir die Raad tot gevolg gehad het.

Mnr J J Scholtz noem verder dat die versekering van die Raad hersien is, om meer dekking in hierdie verband te verskaf.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die die aantal uitstaande versekeringseise, sowel as die kommentaar daarop.

7.24 UITSTAANDE DEBITEURE – MAART EN APRIL 2015 (5/7/1/1/MY)

’n Volledige verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die tydperk Maart en April 2015 is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Maart en April 2015.

7.25 ACTION REQUIRED IN PREPARATION FOR THE IMPLEMENTATION OF THE SPATIAL PLANNING AND LAND USE MANAGEMENT ACT, ACT 16 OF 2013 (1/1/1/95, 15/1/4/1)

Alhoewel die datum van die afkondiging van SPLUMA nog nie bekend is nie, word munisipaliteite deur die betrokke departement aangemoedig om nou reeds voorbereidingswerk te doen om gereed te wees om SPLUMA te implementeer.

Die aksies wat moet geskied voor die aanvangsdatum van SPLUMA word volledig in die item tot die sakelys toegelig, onder andere die samestelling van Munisipale Beplannings-tribunale (*Municipal Planning Tribunals*) en die bepaling van 'n Appèl Owerheid (*Appeal Authority*), ens.

BESLUIT

A Totstandbrenging van munisipale beplanningstribunaal ingevolge artikel 35

(a) Ten einde grondgebruik- en grondontwikkelingsaansoeke met betrekking tot sy munisipale gebied te beslis, moet ’n munisipaliteit ’n munisipale beplanningstribunaal vir sy regsgebied tot stand bring.

Gebruik media/...

7.25(A)(a)/...

Gebruik media om benoemings te versoek van persone wat oor ervaring en kennis op die gebied van ruimtelike beplanning, grondgebruikbestuur of die reg insake ontwikkelingsbeplanning beskik.

(b) ’n Munisipaliteit kan toestemming verleen dat sekere grondgebruik- en grondontwikkelingsaansoeke deur ’n amptenaar in diens van die munisipaliteit oorweeg en beslis word.

Direkteur: Ontwikkelingsdienste

(c) Kategorisasie van ontwikkelingsaansoeke wat (a) deur ’n amptenaar oorweeg moet word, en (b) na die tribunaal verwys moet word.

(i) Alle grondgebruik- en grondontwikkelingsaansoeke met betrekking waartoe geen besware ontvang is nie, word deur ’n amptenaar oorweeg.
(ii) Alle grondgebruik- en grondontwikkelingsaansoeke met betrekking waartoe besware ontvang is, word deur die tribunaal oorweeg.

(d) Stel riglyne op vir die klassifikasie van aansoeke wat onderskeidelik deur die aangewese amptenaar en die tribunaal beslis moet word.

Soos by 2.1.3 hierbo

(e) Kategoriseer grondgebruik- en grondontwikkelingsaansoeke wat onderskeidelik deur ’n amptenaar en die munisipale beplanningstribunaal oorweeg moet word

Soos by 2.1.3 hierbo

(f) Wys ’n amptenaar aan wat as die gemagtigde amptenaar sal dien om grondgebruikaansoeke te hanteer wat nie na die tribunaal verwys word nie.

Direkteur: Ontwikkelingsdienste

(g) Hersien bestaande delegasies of formuleer nuwe delegasie om die gemagtigde amptenaar, die munisipale beplanningstribunaal en die appèltribunaal te magtig om die bevoegdhede wat in SPLUMA beoog word, uit te voer.

Wysig delegasie om vir die munisipale beplanningstribunaal en appèltribunaal voorsiening te maak

B Samestelling van munisipale beplanningstribunaal ingevolge artikel 36 & 37

Samestelling	Die munisipale beplanningstribunaal (MBT) sal uit vyf lede bestaan.
Interne lede	Drie voltydse werknemers (munisipale bestuurder en twee direkteure) met kennis en ervaring op die gebied van grondgebruikbeplanning
Eksterne lede	Twee eksterne lede met kennis en ervaring op die gebied van ruimtelike beplanning, grondgebruikbeplanning en grondontwikkeling of verbandhoudende reg
Diensvoorwaardes	Soos in bylae 1 by die SPLUMA-regulasies
Ampstermyne	Een jaar, met die moontlikheid van verlenging met hoogstens ’n verdere vier jaar
Opdrag van MBT	Persone met kennis en ervaring op die gebied van ruimtelike beplanning, grondgebruikbestuur en grondontwikkeling of die reg met betrekking daartoe vir ’n tydperk van minstens 10 jaar
Prosedure vir versoek vir benoemings	Plaas advertensie in media om benoemings van eksterne lede te versoek. Advertensies moet deur munisipale bestuurder goedgekeur word.
Bedryfsprosedures van MBT	Hanteer ingevolge die Verordening op Munisipale Grondgebruik

Vergoedingskoste	Beding uurtarief, wat nie uurlikse sittingsfooi en voorbereidingsfooi volgens SACPLAN-skedule mag oorskry nie
Reiskoste	Aan die hand van voertuiggebruik/km ingevolge skedule van Departement van Vervoer
MBT-sekretariaatfunksie	Moet deur die Departement Korporatiewe Dienste vervul word
Kategorisasie van aansoeke	Alle grondgebruik- en grondontwikkelingsaansoeke met betrekking waartoe besware ontvang is, moet deur MBT oorweeg word. In sulke gevalle is dit dus nie nodig om ’n gemagtigde amptenaar aan te wys nie.
Beoordelingspaneel	Die huidige Aanstellingskomitee saam met die munisipale bestuurder/adjunkdirekteur/voorsitter van Munisipale Beplannings- en Boukomitee
Bevestiging van MBT-lede en -voorsitter	Uitvoerende Burgemeesterskomitee

C Aanwysing van appèlowerheid ingevolge artikel 51

(a) Bepaal die soort appèlowerheid, wat die uitvoerende komitee of uitvoerende burgemeester van die munisipaliteit kan wees, of, indien die munisipaliteit nie ’n uitvoerende komitee of uitvoerende burgemeester het nie, ’n komitee van raadslede wat deur die munisipale raad aangestel is of ’n eksterne instelling wat deur die raad gemagtig is om die funksies van ’n appèlowerheid te behartig.

Uitvoerende Burgemeesterskomitee

D Munisipale administratiewe vermoë en veranderingsbestuurstrategie ingevolge artikel 32 en 48

(a) Wys of stel ’n munisipale amptenaar of enige ander persoon aan om as ’n inspekteur op te tree om die bepalings van die grondgebruikskema toe te pas en inspeksies te onderneem.

Amptenare van Afdeling Beplanning

E Finansies

Munisipaliteite behoort finansieel vir die volgende te voorsien:

- Vergoeding van lede van die munisipale beplanningstribunaal wat nie munisipale amptenare is nie. Drie komponente, naamlik: sittingsfooi/uur, voorbereidingsfooi/uur en vervoer/km.
- Die versoek vir benoemings vir die munisipale beplanningstribunaal
- Die publikasie van die kennisgewing van inwerkingtreding van die munisipale beplanningstribunaal in die Provinsiale Koerant

R400 000,00 is vir begroting 2015/16 voorgestel

F Verordening op Munisipale Grondgebruik:

(a) Dien op 28 Mei 2015 voor die raad – indien die finale konsep van die Verordening op Munisipale Grondgebruik betyds van die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning terugontvang word

(b) Indien nie by die raadsvergadering van 28 Mei 2015 nie, dan by ’n spesiale raadsvergadering

7.26 SWARTLAND 'BOX PARK' DEVELOPMENT: MALMESBURY (15/3/1)

Daar is sedert 2014 samesprekings tussen die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme en Swartland Munisipaliteit aangaande die volhoubaarheid van 'n "Box Park"-ontwikkeling in Malmesbury.

7.26/...

Die projek behels die ontwikkeling van skeepshouers in infrastruktuur vir besighede, o.a. winkels, kantore, verwerkingsaanlegte, ens. Formele en in-formele besighede word deur hierdie projek op 'n innoverende wyse saamgevoeg om ekonomiese ontwikkeling te bevorder deur volhoubare infrastruktuur daar te stel.

Die gedeelte grond tussen die gemeenskappe van Saamstaan en Ilinge Lethu is as 'n geskikte perseel vir die "Box Park"-ontwikkeling geïdentifiseer.

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die proses met betrekking tot die ontwikkeling van die "Box Park"-projek tot dusver;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedkeuring verleen:

(i) dat daar voortgegaan word met die ontwikkeling van die "Box Park"-projek met die nodige RSEP bystand;
(ii) dat die betrokke departement versoek word om – in oorleg met Swartland Munisipaliteit – voort te gaan met die konsep ontwerp van die "Box Park"-ontwikkeling;
(iii) dat die betrokke gedeelte grond, soos aangedui op die konsep ontwerp, vir die "Box Park"-ontwikkeling geallokeer word, en dat die nodige dienste-aansluitings befonds word deur Swartland Munispaliteit as bydrae tot die projek;
(iv) dat die "RSEP-champion", mnr Alwyn Zaayman, genomineer word om die nodige RSEP-formate te voltooi om die projek op die amptelike lys van projekte van Swartland Munisipaliteit aan te toon;
(v) dat die Munisipale Bestuurder (of sy gedelegeerde) aangewys word op die bestuurskomitee van die "Box Park"-projek om leiding tydens die implementeringsfase te verskaf;

(c) Dat die Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme van die besluit in kennis gestel word.

7.27 HERSIENING: SWARTLAND RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK (15/1/4/1)

Die Swartland Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (ROR) is instrumenteel in besluitneming rakende grondgebruiksbestuur en grondontwikkeling. Dit is daarom belangrik om die ROR voortdurend aan te pas na gelang van die veranderde omgewing ten einde ekonomiese ontwikkeling en groei te bevorder.

BESLUIT (vir aanbeveling aan die Raad op 28 Mei 2015)

Dat die hersiening/aanpassings tot die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk ingevolge die Munisipale Stelselswet, Wet 32 van 2000 goedkeur en wel t.o.v. die volgende:

(a) Addendums bykomend tot die huidige dokumente, naamlik:

- Prioriteit aksieplanne;
- Hidrologie;
- Hernieubare Energie;
- Yzerfontein Alternatiewe Gebruike;
- Demografiese profiel;
- Minimum erfgroottes ;

(b) Aanpassing van grondgebruiksvoorstelle t.o.v. grootmaat infrastruktuur, aktiwiteitstrate en beperkte wysiging aan ontwikkelingsvoorstelle;

(c) Eskom oorhoofse kragnetwerk;

(d) N7 opgradering asook die R45/46 verbindingspad;

7.27/…

(e) Belyning met omliggende munisipaliteite;

(f) Vakante grond oudit-studie;

(g) Klimaatsverandering en gevaarrisiko-studie;

(h) Landelike Erfenisstudie;

(i) Kussone terugsetlyne;

(j) *Regional Social Economic Programme* (RSEP);

(k) *Comprehensive Rural Development* (CRD);

(l) *Buffer Zone Strategy*;

(m) Dat die Jackson Familie Trust en die petisie in kennis gestel word dat die Voortrekkerstraat Precinct-voorstelle vir eers teruggehou word rakende die klarigheid van Voortrekkerstraat se toekomstige status.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER